Magalieskruin Gemeente

Joycelaan 150 Posbus 13507 Tel: 012 548 1245
Magalieskruin Sinoville 0129 Faks: 086 535 4797
Webadres: www.magalieskruin.com **E-pos**: magaliesklein@telkomsa.net

---

FAMILIENUUS

Maart 2018

Genees, Groei en Dien

NUUSBLAD van die Kleingroepe:
NG Gemeente Magalieskruin

KLEINGROEPE: NUUS

► Janine Joubert is vanjaar die Kleingroepkoördineerder. Indien u wil aansluit by 'n kleingroep kan u haar kontak (012-548-1245) of stuur 'n e-pos aan magaliesklein@telkomsa.net.

►Die teeskinkbeurtlys vir 2018 is ge-epos aan die Kleingroepleiers, dankie vir die bevestigings wat reeds ontvang is van julle teeskinkdatums.

►Baie dankie aan ds. Johan Olivier vir hierdie maand se Bybelstudie.

PITKOS VIR KLEINGROEPE

DIE VERLOOP VAN DIE BYEENKOMS

DIE GEWONE WEEKLIKSE BYEENKOMS VAN DIE KLEINGROEP

In die laaste drie maande het ons gefokus op die verloop van 'n tipiese kleingroepbyeenkoms. Die volgende is 'n tipiese verloop van alle soorte kleingroepe soos in vorige drie maande se Pitkos vir Kleingroepe deurgegee – na 'n periode van aankoms en kuier gaan ons byeenkoms deur vyf elemente gesentreer rondom die Woord.

Sosiaal	**Losmaak**	**Aanbid**	**Woord**	**Reageer**	**Vasmaak**
Sosiale Dimensie		Geestelike dimensie		Uitreikdimensie	
Mens tot Mens 30 min	**Mens tot Mens 20 min**	**Mens tot God 10 min**	**God tot Mens 40 min**	**Mens tot God 10 min**	**Mens tot Mens 10 min**
Ons kom aan, ontmoet mekaar en kuier 'n bietjie rondom tee of selfs 'n ete.	Ons begin deur die dag se dinge agter te laat en te fokus op wat voorlê.	Ons betree God se heilige tyd en ruimte in gebed en aanbidding en is gereed vir die Woord.	Ons laat God toe om deur sy Woord met ons te praat Ons bespreek die Woord en verstaan die implikasies.	Ons reageer deur op God se Woord "ja" te sê in gebed. Ons weet nou wat ons te doen staan hierdie week.	Ons deel inligting of reëlings wat betref ons uitreike, beplan ons volgende byeenkoms en sluit weer by die gewone lewe aan.

Die Basiese vloei van die byeenkoms kan dus in drie hoof momente verdeel word:

1) LOSMAAK van die woeilige wêreld en met mekaar sal konnekteer
2) GOD SAL BELEEF deur Sy teenwoordigheid en Woord, om weer te kan
3) VASMAAK aan die gewone lewe, verfris en versterk, en met 'n nuwe besef van missie.

Verlede maand se bydrae het die derde element Aanbidding reeds breedvoerig bespreek. Hierdie maand fokus ons op die vierde element **WOORD** wat ook deel vorm van die Geestelike Dimensie.

Detail van die ander elemente sal in die opvolgende maande se Familienuus verskyn.

1) WOORD – Element 4

Na die aanbidding volg 'n periode (maksimum 40 min) waarin ons die Woord deel. Dit is die sentrale deel van ons byeenkoms. Ons kan van tyd tot tyd ook ander dinge hier doen, soos DVD's kyk, maar niks kan vervang dat ons met die Skrif self werk nie. Ons moet egter let op hoe die Woord gedeel word. Onthou, dit gaan hier NIE

- oor Bybelstudie wat net op die vlak van kennis, lering of dogma bly nie. Dit is die plek van die erediens, kategese en Bybelskool of Woordskool;
- …oor lering (of behoede ons, 'n preek) nie – asseblief! As dit 'n monoloog is, sal die lede net nie weer kom nie.

Dit is die FASILITERING VAN ‘n GESPREK, ‘n lewendige interaksie oor die Woord, met die doel om die toepassing daarvan in ons alledaagse lewe te vind en daaruit geestelik te groei.

Hoe word die Woord gedeel? Die volgende is belangrik:

1. Die groepleier is nie ‘n leraar nie, en sy taak is nie lering nie. Hy vervang nie die leraar in die gemeente nie, en bied nie lering aan nie. Hy fasiliteer die Woordbediening in die sel.
2. Die materiaal wat wel gedeel word, moet onder die gesag van die leraar van die gemeente plaasvind. As dit nie self van die leraar af kom nie, moet dit wel goedgekeurde, aanvaarbare materiaal wees. Die kleingroepbediening is deel van die gemeente en nie die platform vir elke moontlike stuk lering wat iewers vandaan kom nie – baie van wat selfs onder Christene populêr is, is nie noodwendig in lyn met Bybelse lering nie, en kan verskil met hoe jou gemeente dit verstaan. Handhaaf asb. daardie integriteit en as jy onseker is, konsulteer met een van die predikante. As jy nie onder leierskap kan staan nie, kan jy ook nie leierskap neem nie – daardie leierskap is deur die gemeente aan jou gegee.
3. Die groepleier lees die Woord, of nog beter: laat ander ook voorlees. Die volgende kan help om mense te laat verstaan dat dit nou oor God se Woord gaan:
    - Die leier kan bid, of die leser vra om te bid voor hy lees dat die Gees die Woord aan ons hart sal openbaar.
    - Sommige steek ‘n kers aan om aan te dui dat die Heilige Gees teenwoordig is in ons midde.
    - Die lede kan hulle oë toemaak vir die voorlesing.
    - Die leier kan na die lees van die Woord ‘n minuut totale stilte gee sodat die woorde kan insink en in ons harte eggo.
    - Die leier kan vra dat die lede na die stilte net die woorde sê wat vir hulle uitgestaan het. Hulle sê dit dan hardop en die hele groep kan luister na wat “gehoor” is. Dit kan ons help om te verstaan wat die Here vir ons wil sê.
4. Die leier fasiliteer dan ‘n gesprek oor wat die Woord beteken vir ‘n kind van God in die praktyk. LET WEL: die leier gee nie lering nie, hy praat nie die meeste nie - hy fasiliteer. Hy is vaardig daarmee om ‘n gesprek rondom die tema te laat ontwikkel. Daarvoor **betrek hy almal deur hul inset te vra, hul te laat saampraat, hul spesifieke vrae te vra, of spesifiek te vra wat hul daarvan dink of hoe hulle dit beleef**. SOVEEL AS MOONTLIK betrokkenheid van almal en sáámgesels is nodig en maak die groep ‘n kleingroep. Anders werk ons met ‘n klein lesinkie, wat ‘n heeltemal ander groepdinamiek het, en uitputtend kan wees. Dit is baie belangrik. Ons sal vorentoe terugkeer na die kuns om te fasiliteer.
5. As die leier moeilike vrae of temas kry om te hanteer antwoord hy eerlik as hy nie weet nie. Hy verwys dit na die gemeente se leraar (elke persoon moet mos op sy gawe funksioneer en groepleiers word nie gekies op grond van lerende gawe nie – wel op leierskapvermoë). Hy kan ook vra dat die leraar hulle groep kom besoek.
6. Die leier lei die gesprek in die regte rigting en hou dit op koers. Hy maak die regte en nodige gevolgtrekkings vir die lede, hy som op wat lede gesê het en stuur dit weer na ‘n ander rigting. Hy vra ‘n ander wat hulle daarvan dink. So werk hy deur die tema en sluit uiteindelik af met ‘n sinvolle praktiese toepassing.

Die groep kry sy tema van een van die volgende bronne:

- Die gemeente-leierskap gee aan die groepe ‘n uitgewerkte weeklikse skema (raamwerk, program of bedieningsvoorstel), wat sy taak baie kan vergemaklik.
- Die leier kry self by die Here ‘n tema vir die byeenkoms, alhoewel dit dikwels ‘n geskarrel kan afgee van wat om te deel, en die leier eers op die dag van die byeenkoms naarstigtelik rondblaai, of ‘n DVD of boek gryp vir “iets” om aan te bied – glad nie aan te beveel nie! Sommige is egter geestelik en andersins vaardig genoeg daarmee.
- Sommige groepe gebruik die laaste boodskap van die kansel af – dieselfde Skrifgedeelte word weer gelees en die groep bespreek die praktiese implikasies daarvan. Dit is baie sinvol. Hulle kan selfs vrae daaroor aan die leraar terugstuur.

Die begaafde leier fasiliteer ‘n gesprek van die Woord af na die lede se lewens toe!

Hierdie 40 minute is ‘n tyd van gesels uit die Woord, en wat dit prakties beteken. Dit betrek dus ook ons lewens, want dit gaan oor die toepassing van die Woord. Ons deel ons probleme en suksesse daarmee met die groep, ons geestelike familie. Ons kom onder die indruk van die

uitdaging van die Woord, en die onvermoë van ons eie krag. Daardie besef lei ons na die volgende element: Reageer wat ons volgende maand sal hanteer.

(Die bostaande gedeelte soos verkry vanuit 'n Kleingroep Kursus "Kleingroep Dinamiek saamgestel deur Jimi le Roux, 'n geordende leraar met ervaring in tradisionele en vernuwingskerke, o.a. as die kleingroep-leier van 'n megakerk in Johannesburg.)

LEWENSKEUSES WAT GENESING BRING: OPRUIMING – WORD SKOON

Lees: Matteus 5:8: *Geseënd is is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien*

Wat dink julle is dit om 'n rein hart te hê? Gaan dit oor iets vuils wat ek gedink of gedoen het? Gaan dit net om growwe, openbaar-aanstootlike sondes? Of gaan dit oor veel meer?

- 'n Rein hart is 'n hart wat vry en skoon van onreinheid is.
- 'n Rein hart is vry van al die gemors wat ons dikwels aftrek in die bodemlose put van moedeloosheid.
- 'n Rein hart is skoon gewas van die slegte gewoontes, pyn en voorkeure wat ons lewens so treiter.
- 'n Rein hart is nie bang vir die verlede nie!

As ek so luister na wat 'n rein hart nou eintlik beteken, dan wonder ek of dit moontlik is om só 'n hart te hê en hoeveel mense regtig sulke harte het? Kan 'n mens ooit die vreugde smaak om iemand met 'n rein hart te wees? Is dit ooit vir ons beskore?

Dit is waaroor ons graag hierdie maand met mekaar wil gesels. Wat dink julle, is 'n rein hart 'n hart wat vol telleurstellings is; vol ontnugterings is; vol verskonings oor ons eie foute is en die blaam vir ons vuil harte op ander mense aflaai; 'n hart wat altyd kla en kritiseer, veroordeel en haat? Wat maak 'n mens se hart onrein? **Lees** wat sê Jesus in Matt 15:11 en 18-20.

Volgens die Bybel is dit tog moontlik om 'n rein hart te hê. Ons almal het het mos 'n verlede en ons almal is skaam en voel skuldig oor goed uit ons verlede. Sommige van ons maak verskonings en rasionaliseer oor ons verlede, gee ander die skuld, onderdruk dit en maak asof dit nie so erg is nie.Dit is hierdie skuldgevoelens wat ons lewens en die lewens van mense rondom ons, soms ondraaglik maak. Die pyn wat so uit ons verlede kom, is dikwels soos 'n skaduwee wat ons daagliks agtervolg. Trouens, dit definieer wie ons nou is.

Die volgende uitdrukking is uiters belangrik vir ons genesing van 'n onrein hart. "*If we are to know the joy of a pure heart, we'll have to learn how to let go of the guilt and shame and how to gain a clear conscience*." Iemand het eenkeer vir my gevra: "*Hoe kan ek van my skuld ontslae raak*?" Voordat ek kon antwoord het iemand anders geantwoord: "J*y kan nie van jou skuld ontslae raak nie, jy moet maar daarmee saamleef*". Dit is nie wat die Bybel ons leer nie! **Lees nou as 'n groep Psalm 32**.

Bespreek:

1. Wat leer julle uit Ps 32:1-2? Toe jy eers siek geword het in jou hart wat het met jou liggaam gebeur volgens Vers 3?
2. Wat is die lewensbesluit wat hy neem volgens vers 5? Het sy lewe toe verander?
3. Plaas hy nou enige blaam op iemand anders of probeer hy oor sy sonde rasionaliseer?

4. Vir wie vra hy beskerming?
5. Vir wie sing hy oorwinningsliedere?
6. Wie praat in verse 8 tot 10?
7. Wat dink julle sal die impak op iemand se lewe wees wat genesing gevind het en ‘n rein hart bekom het?

Gebed: Bid vir mekaar om elkeen ‘n rein hart voor God te bekom.

LEWENSKEUSES WAT GENESING BRING: WAT ‘N SKULDGEVOEL AAN ONS DOEN

Lees: Psalm 32:1-11

Om skuldgevoelens te oorkom, is dit belangrik om eers kennis te neem van die negatiewe uitwerking wat dit op ‘n mens het.

- In die eerste plek vernietig dit ons selfvertroue. Die rede is eenvoudig: Ons is bang ons word uitgevang of dat mense sal ontdek ons is nie wat ons voorgee om te wees nie. Dit word vertel dat die beroemde Sherlock Holmes eendag vyf baie prominente figure in Engeland ‘n poets gebak het. Hy het ‘n anonieme boodskap aan elkeen van hulle gestuur wat soos volg lui: “Alles is op die lappe! Vlug onmiddelik!” Binne 24 uur was almal landuit. Skuldgevoel is soos ‘n donker wolk wat oor ons koppe hang en al ons gedagtes donker agterlaat.Dit steel ons selfvertroue wat ons in hierdie lewe nodig het.
- In die tweede plek beduiwel dit ons verhoudinge met mense. Dit is juis die skuldgevoelens wat dikwels veroorsaak dat ons oorreageer, ongeduldig is of woedeuitbarstings het. Hoe dikwels oorreageer ons teenoor ons lewensmaat en teenoor ons kinders. Skuldgevoelens maak dat mense hulle dikwels moeilik verbind aan ander mense. Dit is verstommend om te sien hoe hierdie dinge huwelike vernietig. Het julle enige verhale wat julle met mekaar hieroor wil deel?
- In die derde plek laat ‘n skuldgevoel ons aan die verlede vaskleef. Die verlede maak ons sy gevangene en beïnvloed die besluite wat ons vandag neem. Natuurlik kan die verlede help dat ons vandag goeie besluite neem omdat ons uit ons foute geleer het. Hoe gaan ons dit doen?

Skuldgevoelens kan nie ons verlede verander nie, net so min as wat kommer ons toekoms kan verander. Skuldgevoelens maak ons lewens uiters ongelukkig daarom moet ons hiervan genees om te groei en diensbaar te word.

Lees nou Psalm 139.

Bespreek: Wat tref julle die meeste in hierdie psalm?

Indien ons wil genees van ’n skuldgevoel is dit belangrik dat ons die volgende vyf beginsels toepas:

1. **Stel ‘n persoonlike morele inventaris op:** Dit is een van die mees bevrydende ervarings wat ons nog gehad het indien ons dit doen. Dit is soos om ons klerekas skoon te maak. Ons ontdek klere wat lankal nie meer pas nie, maar ook ontdek ons items wat spesiaal is en wat lank weg was. Hou die volgende ingedagte wanneer ons ons morele inventaris opstel: Maak tyd daarvoor; open julle harte en gedagtes vir die Heilige Gees; reken op God die Vader se genade; analiseer julle verlede

eerlik; maak 'n lys van goeie en slegte keuses en gebeure in julle lewens. Wees spesifiek. Hoewel dit 'n pynlike ervaring kan wees, is dit die eerste stap na 'n rein hart!

Lees Ps 139: 23-24. Bemoedig mekaar en bid vir mekaar gedurende die week om daarmee te volhard.

2. **Aanvaar verantwoordelikheid vir julle eie foute:** Om verantwoordelikheid vir julle eie foute te aanvaar, begin met **een moet** en **twee moenies.**
   - Julle moet radikaal eerlik wees.
     - **Bespreek:** Hoekom dink julle is eerlikheid so belangrik?
   - Moenie rasionaliseer nie.
     - Hoekom dink julle moet 'n mens dit nie doen nie?
   - Moenie julleself bedrieg nie
     - **Lees 1 Johannes 1:8.** Wat is die gevolge vir selfbedrog?

   Bid nou twee–twee saam.

   Bid vir mekaar om volkome eerlik met God te wees en verantwoordelikheid vir ons foute en ons mislukkings te aanvaar en om dit opreg voor die Here te bring.

LEWENSKEUSES WAT GENESING BRING: OM SKUDGEVOELENS TE OORKOM

Lees 1 Johannes 1:9.

Bespreek:

1. Wat beteken dit om te bely?
2. Wat dink julle, weet God regtig alles van ons lewens?
3. Wat sal van ons word indien ons nie 'n ware sondebesef het nie?
4. Wat is die verskil tussen sondebesef en skudgevoelens?
5. Wat dink julle wil vers 9 vir ons leer oor sonde en skuldgevoelens?

Verlede week het ons elkeen 'n morele inventaris opgestel en ons het verantwoordelikheid vir al ons skuld aanvaar. Miskien is julle nog broos oor julle inventarisse. Hou moed, ons vorder almal!

Vandag staan ons stil by die derde en vierde beginsels:

3. **Vra God die Vader vir vergifnis**

   Die uitkoms wat **1 Johannes 1:9** vir ons bied is vir my persoonlik verstommend. Wat 'n doodloopstraat indien ons nie ons lewensinventaris en skuld na Hom toe kon neem nie! Kyk 'n bietjie hoe mooi verduidelik **Jesaja 1:18** ons totale omvattende vergifnis. Soms is dit nog so onwerklik om regtig te begryp dat Jesus al ons sondes betaal het.
   - Juis daarom hoef ons nie te smeek dat God ons moet vergewe nie – Hy wil vergewe, trouens in Christus se offer was dit reeds gedoen, die volle rekening is vereffen!
   - Juis daarom hoef ons nie te onderhandel nie – Hy ken ons te goed.
   - Juis daarom hoef ons nie om te koop nie – die prys sou vir ons te veel wees, Christus betaal dit vir ons. Dink net hoe geweldig groot die koste vir Hom was! Ons het niks waarmee ons kan betaal nie.

- Al wat ons kan doen is om die offer van Christus aan te neem en te glo wat die die Woord sê: "*Daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie*".

Bespreek: Hoe laat hierdie wete julle voel?

4. Erken julle foute teenoor iemand anders

Volgens **Jakobus 5:16** is dit baie belangrik om ons persoonlike morele inventaris met iemand te deel. Hoewel ons dadelik baie vrae oor die wenslikheid hiervan het, moet ons onthou dat dit die terapeutiese raad is wat die Bybel ons leer. Hou die volgende in gedagte:

- **Met wie praat ons?** Het jy iemand wat jy kan vertrou? Iemand wat soos 'n mentor jou belange op die hart dra; iemand wat die waarde besef van dit waarmee jy besig is en wat vir jou diensbaar wil wees; iemand wat volwasse genoeg is, iemand wat God goed genoeg ken om God se vergifnis in jou lewe te kan reflekteer.
- **Wat sê ons?** Voor jy enige iets sê, kies 'n plek waar julle ongestoord en ononderbroke kan gesels; wees duidelik oor die feit dat jy oor jou persoonlike morele inventaris wil praat; wees spesifiek en hou vas aan die belofte in **Johannes 8:12.**
- **Wanneer doen ons dit?** So gou as moontlik want die Heilige Gees het ons langs die paaie van ons lewens begelei en ons van sondes oortuig en Hy begelei ons na die Vader om vergifnis in Christus te vind.
- **Moenie langer uitstel nie.** God wil ons help om vry te kom van ons verlede en Hy wil aan ons die lewe gee en dit in oorvloed, dit is hoekom Christus gekom het – Johannes 10:10. Hy het ons bedoel vir oorvloed en nie oorblyfsels nie.

Bespreek:

6. Wat keer ons om mense te vertou met ons persoonlike foute?
7. Watter "ooreenkoms" moet daar wees tussen twee persone wat dit makliker maak?

Bid vir mekaar om volkome eerlik met God te wees en verantwoordlikheid vir ons foute en ons mislukkings te aanvaar en om dit opreg voor die Here te bring.

LEWENSKEUSES WAT GENESING BRING: OM SKULDGEVOELENS TE OORKOM

Lees: Romeine 3:9-20.

Bespreek:

1. Is daar sekere nasies wat op grond van hulle bloed nader aan God is volgens vers 9?
2. Is daar enige mens wat regverdig is en wat van geboorte af perfek God se wil doen?
3. Vers 12 is die mees veroordelendste vers in die Bybel – hoekom (vergelyk verse 13-18)?
4. Wat sal niemand kan doen nie volgens vers 19?

Hierdie gedeelte stel dit onomwonde dat daar niemand is wat sonder sonde is nie. Inteendeel, almal het gesondig en is ver van God af! Almal het God se vergifnis dringend nodig. Ons almal het al swak en ondeurdagte keuses gemaak, ons almal is

ontnugter, almal het pyn en slegte gewoontes. Juis daarom het ons om te genees kennis nodig oor hoe vergifnis werk:

5. Aanvaar God se vergifnis en vergewe jouself

- **God vergewe onmiddelik.** Die oomblik as ons vra, skenk God sy vergifnis. Hierdie sekerheid word onderskryf deur **Hebreërs 4:16.**
    - **Bespreek:** Is dit nie wat ons presies nodig het vandag nie?
- **God vergewe vrylik.** Geen mens kan God se vergifnis verdien nie, dit is verniet, net uit genade alleen – **Romeine 8:24.**
    - **Bespreek:** Hoe laat dit julle voel?
- **God vergewe volkome.** God vergewe nie net gedeeltelik nie, Hy vergewe volkome. Al jou sonde, in totaliteit, wis Hy uit asof dit nooit was nie.
    - **Bespreek:** Is dit nie wonderlik om die belofte van **Romeine 8:1** vir onsself te neem nie?

Die uitdaging is om onder leiding van die Heilige Gees nuut te leef en al die bagasie wat ons so lank saamdra weg te gooi en nooit weer daaraan dink nie. Jy leef nie meer nie, Christus leef nou in jou. Die grootste uitdaging is om onsself te vergeef. Dit is alleen moontlik as ons God se vergifnis vir onsself aanvaar het.

Indien ons ‘n rein/skoon hart voor die Here wil hê, dan moet ons die lewenskeuse maak of ons hierdie vyf beginsels wil begin toepas. Daarom bid daaroor, skryf dit neer en deel dit met ‘n vertroueling en aanvaar God se liefde, genade en vergifnis! Onthou ons moet onsself ook vergewe!

Jy kan nie groei en diensbaar word vir ander as jy voortdurend aan die verlede dink nie. Wanneer jy nie die situasie oorwin nie, is dit baie moeilik om ‘n nuwe seisoen in oorwinning te begin. Asem jou skudgevoel uit en asem Sy vergifnis in! Om ‘n diep, lewensveranderde verhouding met God na te streef is die begin van ‘n gehalte verhouding met onsself.

Lees Johannes 12 :46. Wat leer ons uit hierdie vers?

Waarna smag ons almal? Net een antwoord: Lig! Net in Lig groei en leef plante mense en diere. Indien jy in die Lig leef, word skuldgevoel in die duisternis gedryf waar dit hoort - los dit daar.

Dit verg moed, eerlikheid en selfondersoek om God toe te laat om sy lig in die donker hoekies van ons lewens te laat skyn. Wanneer ons sien wat Hy aan ons openbaar, is dit ons verantwoordelikheid om die genesing en herstellende liefde wat Hy ons aanbied, te aanvaar en die veranderings aan te bring vir die lewens wat Hy vir ons bestem het. Jesus is die antwoord op al die giftige afval in ons lewens wat al ons verhoudings vergiftig. Afval hoop op wanneer daar nie ‘n uitlaat is nie, maarJesus voorsien vandag daardie uitlaat en Hy is meer gereed om ons van ons skuldgevoel te bevry as wat ons bereid is om vry te wees! Innerlike vrede en ‘n kalm gemoed wag op julle, moenie uitstel nie. Kom ons deel ons lewens getrou met Hom en ons sal genesing ervaar, ons sal groei en ons sal diensbaar wees vir God en mens!

Gebed: Here help ons om onsself te vergewe omdat U ons in Christus verg.